# Changing me and my world through prayer – Week 2

***"The prayer preceeding all prayers is 'May it be the real I who speaks.' CS Lewis***

**Agtergrond**

Die uitdaging met hierdie volgende 4 weke se bybelstudies is om werklik tyd te maak om stil te word en saam te bid. Ons gaan deur die Onse Vader bid en elke week die 4 vrae vra:

- Waarvoor moet ek **God** dank en loof?
- Watter onmiddelike krisis en **nood** is in my lewe wat ek vir God wil gee?
- Here, maak my oë oop vir mense en **uitreik** geleenthede?
- Watter areas in my lewe moet ek in **groei**?

## 1. Geleentheid om stil te raak

Almal in die groep het 'n besige dag gehad en ons koppe en harte en gedagtes is nog vol van alles wat vandag in die werk en in ons lewens gebeur het. Gee 'n geleenhteid vir almal om net eers rustig te raak en kyk/luister dan saam na die volgende song . Dalk is daar iets wat jy vandag diep diep nodig het. Gebruik die stilgebed met die lied as 'n geleentheid om dit voor die Here neer te lê.

**"All I need is You"** https://www.youtube.com/watch?v=MV63_Vmf-74

## 2. Hoe leer die Bybel ons bid – Lees Matteus 6:5-15 en 7:7-11, Jakobus 4:1-3

Wat tref jou as jy hierdie gedeelte lees wat jy dalk verlede week gemis het en nog nie voorheen so raakgelees of gehoor het nie.

- **Waarom bid jy** meestal? Hier is 'n lysie met moontlikhede. Merk die redes waarom jy soms bid en voeg by as daar nog is.
  - □ In die moeilikheid en God moet help, red, sorg, voorsien
  - □ Iets nodig en God moet asb gee
  - □ Gevaar en God moet beskerm
  - □ Siekte en probleme en God moet 'n wonderwerk doen
  - □ Uit gewoonte
  - □ Omdat jy skuldig voel
  - □ ..........................................................................................................
  - □ ..........................................................................................................

  *Hierdie is nie 'n volledige lys nie, maar wil ons selfsugtige gebede effens ontmasker*

- **Wat is die sake waarvoor jy die meeste bid**, die meeste vir die Here vra? Noem 3!!
  - ○
  - ○
  - ○

- Lees weer **Jakobus 4:1-3. Mag ons bid vir ons behoeftes**, nood, vir sake wat ons nodig het? Watter groter probleem, of ingesteldheid spreek Jakobus 4 aan. En hoekom dink julle is dit 'n probleem?

  *Selfsug... raak net na binne gefokus, gebede word vlak*

- Matteus 6 en 7 verklaar op 'n paar plekke dat **ons mag bid vir ons behoeftes**.. Watter spesifieke sake word in die volgende verse aangespreek en hoe raak dit wat jy nodig het vandag:
    - Matteus 6:8
    - Matteus 6:11
    - Matteus 6:12
    - Matteus 6:13
    - Matteus 7:7
    - Matteus 7:11

- **Ons mag vra**, ons mag ons harte uitstort voor God. Die Bybel sê ons mag, Jesus sê ons mag. As Hy ons leer bid, dan verklaar Hy dat ons mag bid vir ons daaglikse brood, vergiffenis, beskerming... Die Here weet wat is die sake wat heelbo in ons harte lê, waaroor ons die meeste bekommerd is, die meeste aan dink – en ons mag met hierdie sake na die Here toe gaan.... **Hoekom dink julle mag ons vra?**

  *Omdat Hy 'Onse Vader' is, lief is vir ons., 'n verhouding met ons het...*

- Ek het gebed nodig, nie om iets te kry nie, **maar omdat hier 'n verhouding op die spel is.** Wat beteken dit vir jou as Philip Yancey verklaar: **"The words I use are the least important part of prayer…"**

  *God weet wat is in ons harte nog voor ons kom, Hy wil graag hê ons moet eg en eerlik daaroor kan wees*

**3. Saambid**

Dit is baie interessant dat die Onse Vader gebed die **fokus in die tweede plek op ons en ons behoeftes plaas.** Dit het 'n plek in ons gebede en ons hoef nie skuldig daaroor te voel nie, so lank as wat ons die balans en fokus reg het (*verlede week se Bybelstudie*).

Gebruik die volgende riglyne vir jou gebed en pas dit wat jy vandag geleer het daarop toe (gee genoeg tyd in die selgroep om volgens hierdie orde te bid - laat almal bv eers 'n ronde God dank en loof... en dan vir jou eie krisis, vir oop oë en areas waarin jy moet groei) :

**Dink aan vandag se bybelstudie:**

- Waarvoor wil ek **God** dank en loof?

- Watter onmiddelike krisis en **nood** is in my lewe wat ek vir God wil gee?
  - daaglikse brood... *waarsonder ek nie gaan oorleef nie*
  - vergiffenis... *om my verhouding met God en mense reg te maak*
  - beskerming... *teen die bose, versoekings*

- Wat en wie het ek vandag raakgesien na wie God moet **uitreik**, in wie se lewe die Here moet werk?

- In watter areas in my lewe moet ek in **groei**?

**4. Challenge:** Maak 'n punt om in hierdie week te bid met hierdie volgorde in gedagte:

**G**OD... **N**OOD... **U**ITREIK... **G**ROEI